1.5 **Die geheim**

Die onderwerp kan lei tot verskeie interpretasies wat onder andere verhalend, bespiegelend of beskrywend kan wees. ŉ Verhaal sal op hierdie onderwerp as tema fokus. By ŉ bespiegelende interpretasie kan die kandidaat oor die emosies en sinsbelewing van bepaalde geheime besin. ŉ Beskrywende opstel kan op verskillende geheime in ŉ mens se lewe fokus. **[50]**

1.6 1.6.1 **Tatoeëermerke**

Interpretasies kan lei tot ŉ verhalende, beskrywende of selfs bespiegelende opstel, bv. ŉ beskrywing van mense met tatoeëermerke. Tatoeëermerke kan ook beskryf word. ŉ Verhaal kan handel oor ŉ karakter met tatoeëermerke en redes kan gegee word waarom die karakter die tatoeëermerke het. In ŉ argumenterende/beredenerende opstel kan die kandidaat die waarde van tatoeëermerke as kuns beredeneer. **[50]**

1.6.2 **Pad**

ŉ Verhaal kan oor ŉ letterlike pad handel wat tot een of ander situasie gelei het. Die lewenspad (hoogtepunte/laagtepunte) van mense kan beskryf word. Wanneer beredeneer/geargumenteer word oor die onderwerp, kan die kandidaat bv. fokus op die gevaar wat ons land se paaie inhou. Wanneer die kandidaat besin oor die paaie (letterlik/figuurlik) in mense se lewens, kan dit as bespiegelende opstel slaag. **[50]**

1.6.3 **Seun in rolstoel**

ŉ Verhalende opstel kan bv. die storie vertel van hoe iemand in ŉ rolstoel beland het. In ŉ beskrywende opstel kan die kandidaat sy waarneming van ŉ persoon se bestaan in ŉ rolstoel gee. Die persoon in die rolstoel se eie ervarings kan ook weergegee word. Kandidate kan bespiegelend skryf oor die moontlikhede om te herstel of oor dit wat hy/sy die meeste van ŉ normale lewe mis. Wanneer geargumenteer/beredeneer word oor die onderwerp, kan die kandidaat standpunt inneem oor goeie/slegte behandeling wat persone in rolstoele ervaar. **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

Kopiereg voorbehou 

2.3 **HULDEBLYK**

Die kandidaat bring hulde aan die huishulp wat hom/haar en sy gesin oor die jare versorg en ondersteun het. Die kandidaat kan verwys na sy/haar verbintenis met die huishulp, die lesse wat hy/sy van dié huishulp geleer het en in watter mate die huishulp sy/haar lewe vergemaklik/verander het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die volgende belangrike inligting word in ʼn huldeblyk gegee:
  - Naam en van van die huishulp.
  - Gebeure en staaltjies oor die huishulp se diens/bydrae word gegee.
  - Persoonlike herinneringe kan gegee word.
- Die leser moet ʼn duidelike beeld van die huishulp en haar dade kan vorm.
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Vermy oordrewe sentimentaliteit.
- Gebruik kort, bondige sinne.
- Die inhoud van die huldeblyk moet in paragrawe aangebied word.
- Let daarop dat die kandidaat aan ʼn lewende persoon hulde moet bring. **[25]**

2.4 **FORMELE BRIEF: VERSOEK**

Die brief handel oor ʼn versoek aan ʼn bekende winkelgroep om donasies aan ʼn kinderhuis te skenk.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die formaat is formeel.
- Daar moet twee adresse, ʼn aanhef, ʼn inhoudsopskrif en ʼn gepaste afsluiting wees.
- Die inhoud moet handel oor die versoek aan die winkelgroep om donasies (geld/goedere) aan die kinderhuis te skenk.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in ʼn formele register.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se voorletters en van moet gegee word. **[25]**

